

DIT IS ONS

ERNST

MALAN

A  
439.3609

MAL



# DIT IS ONS ERNST

---

DEUR

DS. D. F. MALAN, M.A., D.D.

(Algemene Voorsitter van di A.T.V. in di Kaap Kolonie).

En Voorlesing gehou in verband met di Stellenbosse  
tak van di A.T.V., op 13 Augustus, 1908.



# DIT IS ONS ERNST.

DEUR

DS. D. F. MALAN, M.A., D.D.,  
Algemene Voorsitter van di A.T.V. in di Kaap Kolonie.

(’n Voorlesing gehou in verband met di Stellenbosse tak van di A.T.V.,  
op 13 Augustus, 1908.)

Dames en here,—Ek behoef nie te sê nie, dat ek alleen met grote huiwering en na veel innerlike stryd besluit het om uw vererende uitnodiging aan te neem, om vanaand voor hierdie gehoor te spreek oor sulke ’n betwiste onderwerp, als di regte van di Afrikaanse taal. Ek wis seer wel, dat ek voor u kon optree, nóg met di kennis en di gesag van ’n taalgeleerde, nóg met di ondervinding en di krag van ’n in di stryd geharde kampvegter. In di taalstryd is ek ’n onervare nuweling. Bowendien het ek altijd sterk gevoel, dat dit vir ’n jong Afrikaander g’n kleinigheid behoort te wees nie om in di taalkwessie ook maar enigsins te verskil van di sterke manne van ons volk, die voor dag en dou op was en met veel liefde en opoffering en volharding di stryd vir onse taal en ons volksbestaan gestrij het, toe Suid-Afrika nog aan slaap was. Di geskiedenis sal hulle eer.

Maar, hoewel ek g’n taalkenner is nie en wel enigsins verskil met di oprigters en di voormanne van di Taalbond, spreek ek tog ook vanaand met versekerdheid en volle oortuiging. En om hierdie rede. Ek is daar vas oortuig van, dat di hele taalkwessie nie in di eerste plaas en miskien maar in geringe mate ’n saak is van di taalgeleerde. G’n enkele taal, of sij moet, als Volapuk en Esperanto, doodgebore wees, word oit gefabriseerd of selfs gemodifiseerd in di studeerkamer nie. Caesar, sê Marcellus, is magtig genoeg om di burgerregt te gee aan wat vir mense hij wil, maar di burgerregt aan woorde te skenk, daartoe is hij nie in staat nie. Daartoe het di volk alleen di mag, en doen dit, nie in één geslag nie, maar in di loop van eeue. G’n taalgeleerde kan ’n werklike lewende taal maak nie, ewemin als ’n skeikundige op sijn laboratorium di lewe kan skep. Di taalgeleerde kan di taal alleen vind en analiseer. Iedere lewende, kragtige taal, word gebore op di bodem van di volkshart en di volksgeskiedenis en leef alleen in di volksmond. G’n volk kies oit sijn spreektaal of, voor lange tijd

selfs, sijn skryftaal nie, op raad van eksperte. Volke en tale word saam gebore en sterf saam.

Di vraag, wat vir vorm van Hollands di spreek- en skryftaal van Suid-Afrika moet wees, is, mijns insiens, te veel bespreek als ’n bloot taalkundig probleem. Di twee tale, Afrikaans en Nederlands, word gewoonlik naas mekaar gesit en met mekaar vergelyk, en dan kies mense di een of di ander op grond van seker taalkundige eïenaardighede, omdat hulle meen, dat di een of di ander als taal voorkour verdien. Di een wil Nederlands, omdat dit ’n riker woordskat het dan Afrikaans, di ander kies Afrikaans omdat dit korter en kernagtiger is dan Nederlands. Di een wil Nederlands nie, omdat hij dit hard en onwelligend vind; di ander wil Afrikaans nie, omdat dit plat en barbaars klink. Di een kies Nederlands, omdat hij oordeel, dat Afrikaans g’n grammatika het nie, di ander wil Afrikaans, omdat di nederlandsse spraakkunst ingewikkeld en moeilik is. Taalkundige oorweginge soos hierdie is egter, naar onse mening, in di taalstryd geheel misplaast. Dit is vir ons nie di kwessie van ’n meer of minder ontwikkelde taal nie. D’is allerminst ’n kwessie van smaak. Daarvoor is onse nasionale toestand te ernstig. Dit is in di eerste plaas—ek wil amper sê dit is enkel en alleen ’n volkssaak. D’is vir ons ’n kwessie van bestaan of nie-bestaan. Of, als ons ons nasionaal volksbestaan als versekerd beskou so als dit is—dan is dit vir ons ’n kwessie van gesond, kragtig nasionaal lewe, of, daarteenoor, ’n onselfstandig, kwijnend, onnatuurlik voortbestaan. In di hele taalstryd moet hierdie vraag bij ons altijd duidelik voorop gestel word: wat vir taal het di beste kans om in Suid-Afrika te blij voortbestaan, vooral in di sterke konkurrensie met Engels? Of andersom, wat vir taal kan ons nasionaal voortbestaan en onse nasionale ontwikkeling op di lange duur di beste verseker? Di antwoord hierop moet altijd in di taalstryd vir ons deurslag gee.

Uit hierdie ooggpunt beskou, en met hierdie vraag voor oge, behoef di taalstrijd nie te wees nie slegs 'n strijd onder di geleerdes, wat di meeste van ons heeltemaal koud laat. Maar omdat dit, so gesien, 'n volkssaak is van di eerste rang, daarom het elke Afrikaander wat sijn volk liefhet, en oor di toekomst van sijn volk nagedink het, di reg en di plig om in hierdie saak te oordeel en mee te praat. Dit is daarom dat ek voor u staan.

Di eerste stelling, wat ek wens neer te lê, is hierdie: Nederlands, vereenvoudigd of nie, kan, selfs met verbeterde onderwijs op onse skole, nooit di volkstaal van Suid-Afrika word nie. Dit mag 'n onnatuurlik, kunstmatig bestaan vind in boeke en in di mond van enkele, maar in di volkshart en in di volksmond kan dit nooit gesond en kragtig leef nie. Dit word teenswoordigs so algemeen erken deur alle partije, dat dit vir mij nie nodig is nie, lang hieroor uit te wei. Reeds vele jare vóór di Taalbond bestaan het, werd dit duidelik ingesien deur een van di eerste en bekwaamste kampvegters vir Nederlands in ons land. 'n Liefhebber van Hollands, als di geleerde dr. Changuion, het reeds in di eerste helfte van di vorige eeuw erken, na sijn geestdriftige nginge om Nederlands in Suid-Afrika te herstel, dat sijn ideaal 'n onmogelike was. "Di taal," sê hij, "waaraan ons onse moeite bestee, beskon ons soos 'n geneesheer 'n ongeeneslike lijder, die s'n kwaal in sijn verderfelike uitwerking wel enigins kan vertraag word, maar op wie s'n volkome herstel nie meer te hope val nie." Hoor, wat in latere jare, di ijwerigste, kragtigste voorstander, die Nederlands oit in Suid-Afrika gehad het, sê. Reeds in 1880 skryf dr. Mansvelt: "Di eerste illusie van Changuion het ek, eweals hijsel ook later gedoen het, als ondenkbaar laat vaar—di onderskeid in volksaard, land- en luggesteldheid, sedes begrippe en belange, is te groot, dan dat 'n Afrikaanse volk sijn oit van Hollands, soals dit noord van di linie gepraat word, als voertuig van sijn gedoetes sou kan bedien."

Wat dr. Mansvelt hier na sijn onder- vinding in di Kaapkolonie sê, dit werd later op di duidelikste manier bewese in di Transvaal. Jarelang werd op di Transvaalse skole di suiwerste Nederlands onderwese, en werd Nederlands in alle vakke als medium gebesig van di laagste tot di hoogste standarde. Van daag is daar g'n deel van Suid-Afrika nie, waar mense in alle kringe van di samelewing, van di laagste tot di hoogste, so doorgaans Afrikaans praat. Wa meer sê, vandag is daar g'n deel van

Suid-Afrika nie, waar di Afrikaanse Taalvereniging soveel veld gewen het als daar. Nagenoeg al di voormanne, di gebore Nederlanders ingeslote, steun haar. Opmerkelijk, dat juis in di Transvaal, waar Nederlands di beste kans had om 'n volkstaal te word, di A. T. beweging feitelik g'n teenstand ken nie.

Ook in di Kaapkolonie het di offisiële ligaam vir di bevordering van di nederlands taal, di Taalbond, in di laaste jare, so nie met woorde nie, dan tog met di daad, erken, dat di nederlands taal in Suid-Afrika nie lewe kan nie, tensij sijn ingeënt word op di lewendes afrikaanse wortel. En dan nog het hulle alleen maar di hoop om di nederlandses skryftaal te red. Di spreektaal te verander, dit het hulle opgegee als 'n hopelose taak. Di ideaal van di Taalbond is nou nie meer nie om Nederlands te skrywe en te praat, maar Nederlands te skrywe en Afrikaans te praat.

Nederlands sal dus nie di volkstaal van Suid-Afrika word nie. Maar ons gaan nog verder en sê: Nederlands kan dit nie, kan dit nooit. En dit om di eenvoudige rede, dat Afrikaans in grammatika geheel verskillend is van Nederlands. 'n Verskil in woordeskat tussen twee verwante tale, kan gemaklik uitgowis word deur di prosés van goe en neem. 'n Verskil in grammatika egter, ook waar di tale overigens geheel ooreenkom, is so diepgaand, dat di tale altijd geskeië moet blij. Ek glo, dat ek nie sondig nie teen di filologiese wetenskap als ek sê, dat, terwyl alle tale gedurig woorde van mekaar leen, g'n enkele taal nog ooit di spraak-kunst van 'n andere taal oorgeneem het nie. Grammatika is di geraamte, wat 'n taal vorm gee, en tewens stabiliteit. Grammatika duid aan di rigting wat 'n taal geneem het in di verlede, en verder nog in di ontwikkeling neem moet. Grammatika is in di groei van 'n taal 'n inwendige noodzakelikheid. Grammatika is taalmomentum. Ieder vreemde woord, in di taal opgeneem, word met di stroom meegevoer, en moet sijn onderwerp, saam met die eië woorde, aan di eenmaal vasgestelde woordveranderinge en taalregels. Als 'n lewendes organisme neem 'n taal vreemde stof in sijn op, maar nooit sonder dit tegelijk ook te assimileer. So het alle europese tale 'n grote aantal woorde uit Latijn oorgeneem, maar op g'n enkele het di latijnses spraakkunst enige invloed van betekenis uitgeoefen nie. Alle Nederlandse woorde, wat in Afrikaans opgeneem word, instede van Afrikaans te verhollands, word integendeel dadelik verafrikaanst. Egte nederlandses woorde als bijv. "ongeschon-

den" en "geschaatst," die deur Afrikaanders nie altoos verstaan sal word nie, word met hulle inlijving dadelik omgesit in "ongeskonde" en "geskaats," woorde, wat nie meer tot di Nederlandse taal behoort nie en in Holland nie verstaan word nie. Tale, eweals di meest eksklusiewe volke, stel aan vreemde woorde di onverbiddelike eis van naturalisasie. Maar so kan Afrikaans dan ook tot in di oneindige uit Nederlands put, en sig uit Nederlands verrijk, sonder daarmee in een enkel opsig op te hou Afrikaans te wees. Dit kan 't nie. Als Afrikaans in woordeskat tienmaal meer van Nederlands sou verskil het dan tans, maar diselfde grammatika had, dan sou dit gemakliker wees di twee tale tot 'n eenheid saam te smelt, dan nou hulle amper diselfde woordeskat het, maar in grammatika geheel verskil. Di strewe van di Taalbond, om di nederlandsse grammatika op Afrikaans toe te pas, is uit di aard van di saak gedoemd tot mislukking. 'n Mens kan teen di grammatika van 'n taal, teen taalmomentum, sig ewe weinig verset, als 'n mens met di hand di invloed van di geskiedenis op di volkslewe kan weer.

Naas Nederlands, wat in Suid-Afrika 'n onnatuurlike en gedwonge bestaan het, staan di lewende, kragtige volkstaal. Eweals iedere andere taal, die in di hart en mond van di volk leef, is Afrikaans onuitroeibaar. Hollands kan ons gemaklik ontnoem word, Afrikaans nooit. G'n lewende volkstaal sterf ooit gemaklik nie. Ons kan verder gaan en met 'n grote mate van sekerheid sê, dat g'n volkstaal ooit sterf, waar dit di uitdrukking is en di simbool van 'n selfbewuste nasionale lewe. Di kleine provinsie van Duinkerken, bijvoorbeeld, staan reeds meer dan 200 jaar onder di regering van Frankrijk. Gedurende al die tijd werd Vlaams op di skool en als offisiële taal verbode. En tog praat hulle in Duinkerken nog Vlaams, en kan g'n afgevaardigde naar di franse parlement daar gekies word nie, of hij moet sijn kiesers in Vlaams toespreek. Di Kanaaleilande is reeds 900 jaar onder di engelse vlag. Tog praat die mense nog altijd op die kleine oppervlakte van 75 vierkante mijls di oorspronklike Frans. Welsh het sig in di hart van Engeland nou vele eenwe lang kragtig gehandhaaf. Ten slotte het dit sig selfs op di skool 'n ruim en veilige plaas verower. Kelties in di noord van Skotland het di angelsaksiese verowering nou oorleef met bijna 1,400 jare.

Maar, genoeg om te bewijs, dat waar Afrikaans oor 'n baie groter uitgestrektheid gepraat word dan één van

hierdie tale, en waar dit ontegensgestel di uitdrukking en di simbool is van 'n veel dieper nasionaliteitsgevoel, dit tenminste ewe veel lewensstaaiheid en lewenskracht moet besit.

Afrikaans is tans di spreke taal van vele duisende meer dan 'n eeuw gelede. Dit word nou gepraat deur drievierdes van di gehele blanke bevolking van Suid-Afrika en deur verreweg di meeste naturelle, die nie meer 'n oë taal het nie. Dit word met 'n tamelike grote mate van sekerheid bereken, dat vir elke Afrikaander, die Engels als moedertaal aangeneem het, daar wel tien persone met engelse name te vinde is, wat Afrikaans als huistaal gebruik. Afrikaans is, eweals di Afrikaanse nasionaliteit, in Suid-Afrika gebore en tier hier ewe welig. En dit nietteestaande dit g'n offisiële erkenning of beskerming geniet, dit g'n literatuur het nie, dit nie di taal van di skool is nie of van di magtigste faktor in di volkslewe, di godsdienst, nietteestaande dit allerwege verag word, nie alleen deur vreemdelinge nie maar ook deur di volk self. Niks het Hollands in Suid-Afrika soveel skade berokken nie als di mening: Hollands kom vanself. Als ons egter Afrikaans sit in di plaas van Hollands en sê: Afrikaans kom in Suid-Afrika vanself, dan is hierdie gesegde niks minder dan di volle waarheid nie. Afrikaans is in Suid-Afrika nie meer 'n worstelende, sig moeilik staande houdend taaljie. Dit is 'n aanvallende en verowerende mag. In di drie voornaamste state van Z.-A. is dit di heersende taal. In di orige twee kolonies het dit reeds sijn vlag opgehoys. Selfs in Duits-Suidwest Afrika en in Angola het dit sijn voet geplant, om nie weer te wijk nie. Afrikaans het Nederlands verdrijf nie alleen uit di stal en di kombuis nie, so als di veragters van di "kombuistaal" ons wil wijs maak, maar ook uit di eetkamer en di voorkamer, uit di gesellige verkeer en di publieke vergaderinge, selfs uit di parlement. En als di Afrikaner dit wil, sal Afrikaans gemaklik in één jaar Engels verdrijwe uit di handel. Di koper, nie di verkoper nie, het di mag om te bepaal wat di handelstaal van 'n land sal wees. Afrikaans begin sig meer en meer 'n weg te baan in di koerante, en tijdskrifte. In di laaste jare het dit belangrike konsessies afgedwing en daardeur verowering gemaak op di skriftaal, op di skool, op di kateder, op di kansel, op di universiteit en selfs op di Taalbond. En nou het dit ten slotte beslag gelê—en dit is di belangrikste verowering van almaal—op di hart en op di talente van jong Suid-Afrika.

Maar, sê iemand, als Afrikaans tog nooit uitgeroei kan word nie, waarom dan nie in di teenwoordige toestand berus nie? Waarom dan nie blij nie bij di raad van di Taalbond: Afrikaans praat, maar Nederlandse skryf? Waarom dan juis nou aandring op 'n afrikaanse skryftaal? Di beste antwoord, wat ek hierop kan gee, is 'n wedervraag. Als Afrikaans dan tog altijd di volkstaal van Suid-Afrika sal blij, en Nederlands dit nooit sal of kan word nie, waarom dan nie hoe eerder hoe siewer aan di lewende volkstaal di plaas gegee, wat haar toekom? Maar ek wil di saak nie met 'n wedervraag afdoen nie, hoe afdoende dit ook vir baie mense mag wees. Ek wil daarop wijs, dat, waar spreek- en skryftaal soveel van mekaar verskil als bij ons, ook nog na di vereenvoudiging, dit noodsaakelikerwijs di gebruik van Engels in di hand moet werk. Ek wil bijna sê, dat di mag, wat Engels op ons volk het, hoofdsakelik toe te skrywe is aan hierdie verskil. Neem di geval waar 'n opgevoede jonge Afrikaander aan sijn vriend wil skrywe. Hij kan kies tussen drie tale: Nederlands, Engels en Afrikaans. Afrikaans ogter als 'n veragte "kombuistaal," sonder 'n vasgestelde spelling, is al dadelik buite di kwesie, en word meestal ook nooit ernstig aan gedag nie. Nederlands weer is moeilik. Waar selfs professore in Nederland erken, dat hulle, wanneer hulle skrywe, 'n woordeboek nodig het om van di geslagte seker te wees, daar moet di besware bijna onoverkomelik wees vir di Afrikaander, die in sijn spreektaal g'n geslagtsonderskeiding ken nie, en derhalwe alle gevoel daarvoor verloor het. Bowedien is in 'n vriendskappelike brief Nederlands vir di Afrikaanse gevoel altijd stijf en onnatuurlik, eweals dit di geval is in di geselligo verkeer. D'is 'n taal, waarin di skrywer nog nooit met sijn vriend gepraat het nie; d'is di boeketaal, d'is di deftige taal van di kansel, d'is 'n taal, waarin di vriendehart sig maar nie vertrouwelik kan en wil uitspreek nie. Al wat oorblij, en dan meestal ook gekies word, is Engels, wat vir di gevoel natuurliker is, omdat spreektaal en skryftaal di selfde is, en waar 'n mens nie in 'n pijnlike onsekerheid verkeer nie of jij nie miskien om jou taalfoute vir 'n ongeletterde of 'n half opgevoede sal aangesien word. Gee ogter aan di jonge Afrikaander 'n skryftaal, wat vir hom gemaklik en natuurlik is, en u het daarmee 'n bolwerk opgewerp teen di verangelsing van ons volk, beter dan gevorm kan word deur taalvereniginge

of taalkongresse, of selfs deur verbeterde taalonderwijs op skool.

Ek wil daar verder op wijs, dat, waar ons altijd alleen Nederlands moet skrywe en lees, en waar di volkstaal gedoemd is om niks meer dan di spreektaal te wees nie, dit di nadeligste invloed moet hê op onse gevoel van eie waarde. Als onse volkstaal nooit di draagster kan wees van onse eie literatuur en onse volkskultuur, wat beteken dit anders, dan dat ons altijd deur ander mense aangesien sal word en altijd onself sal aansien vir 'n dialekt sprekende volk. Verhef di Afrikaanse taal tot skryftaal, maak haar di draagster van onse kultuur, van onse geskiedenis, onse nasionale ideale, en u verhef daarmee ook di volk, wat haar praat. Hou egter di volkstaal op di voet van 'n half beskaafde provinsiaal dialekt, en u hou daarmee ook di volk op di peil van 'n half beskaafde, ongeletterde volksklasse. Di eis, dat Afrikaans altijd spreektaal alleen sal blij, kom neer op di eis, dat di Afrikaanse volk altijd moet deurgaam vir 'n half opgevoede volk, wat om sijn taal altijd di hoofd moet wegsteek, sodra dit sig vertoon in di rij van beskaafde volke. Di Afrikaanse Taalbeweging is niks minder nie dan 'n ontwaking bij ons volk tot 'n gevoel van eie waarde en tot di roeping om 'n waardiger plaas in te neem in di wereldbeskaving. Laat ons hierbij ook nie vergeet nie, dat, waar di volkselfrespekt ondermijn word, dit onmogelik sal blyk om di volkskarakter behoorlik op te bou. Di aankeweke van 'n gevoel van eie waarde, en di ophou van karakter, gaan bij volke, eweals bij individue, altijd hand aan hand.

Afrikaans moet weder onse skryf- en kultuur-taal word, omdat dit ons eie is, en ons als sodanig dien moet tot grondslag van 'n gesond nasionale lewe. Als ek op di woord "eie" nadruk lê, dan wil ek daarmee volstrak nie di afsondering van onself en di uitsluiting van andere bevorder. Integendeel, ek geloof, dat di volke sal ophou eksklusief te wees, sodra hulle vrijgelaat word om te ontwikkel 'n gesonde selfstandig nasionale lewe op di grondslag van wat aan 'n ieder eie is. Gesonde huiselik lewe is daar alleen moontlik waar daar familiebesit is, d.w.s., waar di lede van di huisgesin aan mekaar verbind word deur 'n gesamenlike woning, gemeenskappelike afkomst, huiselike gewoontes en familiekenmerken. Waar familie eiendom in hierdie sin ontbreek, daar ontbreek ook alle grond, waarin di verbindende huiselike gevoel kan wortel. Eweas kan 'n gesonde nasionaal gevoel alleen wor-

tel in volksbesit, d.w.s., in 'n gesame-  
like vaderland, in volksgeskiedenis,  
volkskunst en wetenskap, volksgewoon-  
tes en karakter, volkstaal en volks-  
godsdienst, en nie di minste nie in  
volksliteratuur. Wie di nasionaal ge-  
voel van sijn volk blijwend wil bevor-  
der, moet 'n bijdrage lewer tot di  
geskiedenis, di eië karakter, di kunst,  
godsdienst of literatuur van sijn volk.  
Hij moet, met andere woorde, ver-  
meerder di nasionale eiëndom, wat  
teenoor di besittinge van andere volke  
in di skaal gelê kan word.

Ons volk lij aan niks so seer nie als  
aan nasionale armoede. Omdat ons na-  
sionaal besit, waarin ons volksgevoel  
wortel moet, so beperkt is, daarom is  
ons nasionaal bewustsijn ook tot hier-  
toe so geheel afhankelik gewees van  
di elektriese skokke, wat ons van tijd  
tot tijd van buite ontvang het. Ons  
volk werd gebore alleen omdat dit grie-  
we had, en deur telkens nuwe griewe te  
ontvang, werd dit tot nou toe in di  
lewe gehou. Maar lewend en wakker  
gehou te word deur elektriese skokke,  
is tog op s'n best maar 'n onnatuurlike,  
ongesonde bestaan. Ongesond en on-  
natuurlik moet ons nasionale lewe  
wees, solang ons gevoel, dat ons Afri-  
kaanders is, alleen omdat ons gevoel,  
dat ons g'n Engelse is nie. 'n Nasionaal  
gevoel wat in di lewe gehou kan word  
alleen deur gedurig verset teen 'n an-  
der volk of 'n ander taal mag als 'n  
tijdelik redmiddel noodsakelik wees,  
maar kan sig op di lange duur nie aan-  
beveel nie bij 'n volk, wat in di kern  
Kristelik is. Nee, ons moet ons nasio-  
naal gevoel kweek op 'n andere en  
gesonder bodem en die is, onvermeerd  
volksbesit. Ons moet bij ons eië va-  
derland, wat ons verenig, ense volks-  
geskiedenis, die ons aan mekaar bind,  
ons volkskarakter, volksgodsdienst en  
volkstaal, ook nog voeg ons eië volks-  
literatuur, die di beligaming is van ons  
eië kunstsin en ons eië volkskultuur.  
Om sulke 'n uitgebreide volksbesit te  
skep, waarin ons nasionaliteit vir al-  
tijd beveiligd sal wees en waarin dit  
gesonder kan wortel, dit is di edele  
roeping en di moeilike taak van jong  
Suid-Afrika.

'n Mens hoor dikwels di teenwerping,  
dat Afrikaans g'n skriftaal kan wees  
nie omdat dit slegs 'n dialekt, 'n be-  
dorwe patois is. En sulke 'n taaljie,  
meen hulle, kan onmogelik 'n volk  
ophef tot 'n hoger peil van beskawing.  
Om Afrikaans tot ons skriftaal te  
maak, dit sou niks minder beteken,  
dan ons volk 'n meulesteen om di hals  
te hang. Hierdie bedenking kan nie  
anders dan swaar weeg nie bij elkeen.

die di intellektuele vooruitgang en di  
sedelike oeffening van ons volk op di  
hart dra. Als antwoord op hierdie be-  
swaar wil ek graag wijs op di welbe-  
kende verskijnsel in di geskiedenis,  
dat 'n hoge trap van beskawing nie  
noodsakelikerwijs saamgaan nie met  
'n grote mate van ontwikkeling in di  
taal. Di ouë Egyptenare bijv. het di  
meest primitiewe, onontwikkelde taal  
gepraat, en tog het hulle voortgebring  
'n kultuur, wat di bewondering afgew-  
ding het van di eeue, en nie di  
minste nie van onse 'hooggeroemde  
moderne beskawing. Omgekeerd vind  
ons in Midde Afrika somtijds di best  
ontwikkelde tale bij di diepste geson-  
kene barbare. 'n Volk hef 'n mens nie  
op nie deur 'n ontwikkelde taal, maar  
deur di meedeling van ideeë. En waar  
di idee in di hart van 'n volk wortel,  
skiet en groei, daar kan dit sig weer  
in enige taal 'n uitdrukkingsvorm  
skep, en daarmee 'n taal veredel en  
verryk. Di beskawing is nie di produkt  
van 'n taal, maar di taal groei uit en  
met di beskawing van 'n volk.

Met di feit, dat Afrikaans 'n dialekt  
kan genoem word, word mijns insiens  
nog niks bewijs nie. Alle tale was een  
maal dialekte. Di hooggeroemde la-  
tijnse taal, vir so lange tijd di enige  
voertuig van di godsdienst en di weten-  
skap, werd gehore als 'n dialekt in 'n  
kleine provinsie in midde Italië. Di  
griekse taal, die di eer besit van li  
eerste tolk te gewees het van di Kris-  
tendom en van di diepsinnigste wijs-  
gerige ideeë, ooit uitgesproke, was  
oorspronkelik 'n provinsiale dialekt  
onder andere van diselfde soort. Dat  
di grote rijk van di keizer vandaag 'n  
fijn beskaafde, buigsame taal besit,  
dit het dit te danke alleen aan di feit,  
dat Luther toevallig 'n Sakser was en  
di Bijbel oorgesit het in di saksiese dia-  
lekt, wat daardeur verhewe werd tot  
di status van di hoogduitse taal. Di  
melodieuse, diplomatieke franse taal,  
die nou deur meer vreemdelinge aan-  
geleer word dan enige andere, het  
nederig di eerste lewenslig gesien in di  
noorde van Gallië als 'n bedorwe la-  
tijnse patois. 'n Dialekt word nie 'n  
taal nie omdat dit 'n intrinsieke waar-  
de besit bo andere dialekte, maar al-  
leen deur 'n gunstige sameloop van  
omstandighede.

Di woord dialekt is heeltemaal rela-  
tief. Of 'n taal 'n dialekt moet genoem  
word of nie, dit hang alleen daarvan  
af of dit gepraat word deur 'n volk,  
of slegs deur 'n seksie van 'n volk.  
Waar dit gepraat word deur 'n eië  
selfstandige volk, daar het dit alle  
reg 'n taal, en nie 'n dialekt genoem

te word nie. Dialekt en provinsie, volk en taal gaan saam. Frankrijk het 'n bedorwe Latijn gepraat, solang Gallië 'n romeinse provinsie was en haar bewoners in 'n toestand verkeer het van geesteleke en intellektuele afhankelikeid van Rome. Maar op diselfde dag, waarop di franse volk gebore werd, werd ook, sonder verandering van 'n enkel woord of klank, hulle bedorwe dialekt ongetowerd in di eksakte, wel-luidende, diplomatieke en modetaal van Europa. Ewesoon kon Afrikaans 'n dialekt genoem word solang di Afrikaanders sig beskou het als Hollanders in Suid-Afrika wonende. Maar Afrikaans werd 'n eië taal, hoe na ook aan Nederlands verwant, op diselfde dag, waarop in Suid-Afrika 'n eië volkssiel ontwaak het en ons nasionale lewe en nasionaliteitsgevoel sig begin het te beweeg nie meer om 'n neerlandse midelpunt nie, maar om 'n eië suidafrikaanse sentrum. Di veelgewraakte Afrikaanse woordjie "ek" was eens hoog in eer, toe di onderdane van Karel di Grote bij di doopbekken belijdenis gedoen het in di plegtige kerkelike taal van di dage en gesê het: ec forsacho diabolo (ek verlaat di duivel). Toe di dialektspreekende Hollanders egter 'n eië onafhankelik volk gaan vorm het, het hulle afwikkende "ik" tot eer gekom, en werd "ek" in di ban gedaan. Sodra mense ophou Afrikaans als 'n patois te beskou, kom "ek" weer als vroeër, tot heerlikheid, en word aan "ik" weer ontnem di monopolie van beskwywing.

Maar ons moet sluit. Alleen nog wil ek mijn mening uitspreek, dat di A.T.V. alle reg het om daarop aan te dring, dat Afrikaans nou reeds als skryftaal moet gebruik word, en ait nieteenstaande di spelvereenvoudiging pas ingevoer is. Ons het nou 'n lewendige, kragtige nasionaliteitsgevoel opgewek in di dage van strijd en lijde. En alle ingrypende veranderinge, in volkssake, het nodig di drijfkrag van 'n opgewekte volksgevoel. 'n Latere tijd is miskien nie meer so gunstig nie. Ons het tans 'n tema vir 'n volksliteratuur, so rijk en so mooi als g'n ander volk besit nie.

Ons moet Afrikaans nou tot skryftaal verhef, omdat ons nou nog g'n dialekteverskil van enige betekenis net nie. Maar dit kom ewe seker als di filologiese invloed, die Afrikaans tot 'n taal gemaak het so verskillend van Neerland ook op Afrikaans werk, so gedurig en so onverbidlik als di wet van di swaartekrag. Is daar eenmaal dialekte van Afrikaans, dan is di taak veel moeiliker.

En di voornaamste rede, waarom ons nou 'n Afrikaanse skryftaal moet hê is dit. Afrikaans het nou nog di inherente krag om di indringende engelse woorde af te werp, eweals Neerlandse Duis dit gedaan het met di franse. Engelse woorde en uitdrukkinge word nou nog als 'n vreemde element deur ons gevoel en geken. Later is di taal miskien so oortaaal met vreemde toevoegsels, dat dit sig nie meer kan vrijmaak nie. En dan is onse skryftaal ons nie alleen nog veel vreemder dan nou, maar dan is ons verder af van Hollands dan ooit. Als egter Afrikaans, wat in woordeskat so dig bij Nederlands staat, tot skryftaal verhef word, en di draagster word van 'n literatuur, sal di Nederlandse letterkunde nie alleen vir ons toegankelik blij nie, maar afrikaanse boeke sal in Holland met eweveel smaak en waardering gelees word als nou di vlaamse.

Afrikaans soek vir di teenwoordige g'n toegang tot di skool of universiteit. Dit soek om g'n offisiële erkenning nie — dit het dit nie nodig nie. Later, als di volkstaal 'n literatuur het, sal sy di toegang en erkenning wel soek en vind. Die toekomst moet deur di A.T.V. voorberei word. Waarskynlik sal di offisiële erkenning egter nie kan plaas vind nie dan lange tijd nadat Holland Suid-Afrika sal gevolg het in di vereenvoudigde spelling. Intussen wil di A.T.V. di Taalbond kragtig steun 'n di bevordering van di hollandse onderwijs in di vereenvoudigde taal op di skole. In uitgangspunt en metode is daar tussen hierdie twee ligame 'n prinsipiële verskil. In di vorming van 'n volkstaal wil di Taalbond Nederlands als basis neem, en dit verander in di rigting van Afrikaans. Di A.T.V. neem tot grondslag di levende volkstaal en meen, dat Afrikaans, deur sig met nederlandse woorde te verrijk, vanself digter sal kom te staan bij di taal van Holland... Hierdie metode van di A.T.V. is, ons insiens, nie slegs di enige natuurlike nie, maar ook die enig mogelike.

Maar hoewel Taalbond en A.T.V. in uitgangspunt en metode prinsipiële van mekaar verskil, kan hulle en moet hulle tog van harte saamwerk. In di praktijk is di verskil eiëlik ook betreklik gering. Di Taalbond sê: leer Nederlands, skryf Nederlands, en praat Afrikaans. Di A.T.V. sê: leer Nederlands, skryf Nederlands als jij kan en wil, maar als jij nie kan of nie wil nie, skryf dan nie Engels nie, maar Afrikaans. Di Taalbond is ongelukkig nie aggressief en daarom is dit nog nie gebeur nie, maar persoonlik en ek meen

ook te spreek vir al di lede van di A.T.V.—het ek nie di minste beswaar nie om lid te wees, beide van di A.T.V. en di Taalbond. Daar is g'n rede hoe genaamd nie waarom di A.T.V. nie kan bestaan nie als 'n afdeling van di Taalbond, tot tijd en wyl Suid-Afrika nie meer behoef op krukke te gaan nie of te veg in 'n sleppassende, geleenêe harnas, totdat di jongere suster di

ouêre oor di hoofd sal gegroei het en di Taalbond geheel samesmelt met di A.T.V. Mag di jonge Afrikaanders, wat hulle eië taal liefhet en eer, hulle so toelê op di beoefening van Afrikaans, só hulle talente wij aan di vorming van 'n eië literatuur, só toon, dat dit hulle weselik ernst is, dat di gebeurtenis spoediger mag kom dan selfs di hoopvolste nou vermoed.

